Antonet Neethling se lewensvlug

My lewensvlug styg op vanaf Pretoria op 18 September 1966. Mens moet eers binnelands vlieg en ervaring opdoen. My eerste binnelandse transitostop is Laerskool Pretoria-Oos, waar ek 7 jaar vertoef. Na ’n kort vlug land ek in 1980 by die Afrikaanse Hoër Meisieskool en geniet dit so dat ek 5 jaar daar spandeer. Nog ’n kort vlug neem my na die nabygeleë dorpie, TUKS waar ek vier jaar kuier en my BPrim.Ed-graad behaal.

Uiteindelik het ek genoeg ervaring en kan ek langer vlugte aandurf. My eerste internasionale vlug neem my na Duitsland waar 2 Duits-Afrikaanse kleuters my vir ’n jaar besig hou.

Na ’n vinnige stop by die huis om bietjie te rus en wasgoed te was, begin ’n heerlike, besige hop-op-hop-af vlug in 1990, wat 17 jare laat verbyvlieg.

Maar soms moet jou kop uit die wolke en moet jy jou voete weer anker en herstel van vlugvoosheid. In 2007 grond twee ander kleuters my. Na ’n paar draaie lei my Kompas my in 2011 na Laerskool Die Krans – my lughawe.

Hier kan ek my kennis en vaardighede op verskeie vlakke en gebiede deel en meer bied as net tee of koffie; “chicken or beef”.